

10 Oktober

Lukas 7:18-28

(Teks: 7:23)

***"Gelukkig is die een wat nie twyfel nie"***

Is twyfel gelyk aan ongeloof? Maar wat dan van Abraham, Job, Dawid - almal twyfelaars op die een of ander stadium. En hier: Johannes die Doper. Hy was tog die voorbereider van Jesus se werk. Hy het Jesus gedoop en die Heilige Gees op Hom sien neerdaal. Hy het gesê Jesus is die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem. Jesus weer sê Johannes is die grootste wat gebore is (vers 28). En nou twyfel Johannes.

Wat laat hom twyfel? Sy ervarings: Hy is in die tronk gegooi omdat hy aan Herodes onbevrees die eise van God se koningskap verkondig (3:18-20) en sy volgelinge aan hom vertel het wat Jesus doen (7:1-17). Dit laat vrae opkom: "As Hy die Messias is: waarom laat Hy my in die tronk bly? Is ek vir Hom minder belangrik as 'n heidense offisier se slaaf en as 'n onbekende weduwee en haar seun? Het Hy goddelike mag en reg?"

Hoe hanteer Jesus Johannes se twyfel? Hy laat Johannes se volgelinge sy werke sien - wat Hy doen volgens die profesie van Jesaja 29:18,19; 35:5,6; 61:1-3). Johannes moes sy ervaring meet aan die Woord. Dan sien hy Jesus *is* die Redder. Hy kan Johannes bevry (Jes. 61:1, 2). Maar... wil hy? Johannes moes leer dat hy as voorloper van Jesus werklik deel is van God se koninkryksplan - ook in sy eie martelaarskap. As hy in die tronk magteloos en onskuldig sterf is hy steeds die wegbereider - en steeds in die hande van die Messias. Te midde van sy vrae en twyfel kom hy tot hierdie bevrydende insig. Die Woord bring jou tot hierdie insig.

Sing Psalm 42:7

Ds. D.C. Coetsee (Noordrand)